

# Saterdag 25 September

Skrifgedeelte: 2 Petrus 2

Fokusgedeelte: Judas:8-9

## **Ken Hom in wie se waarheid jy koninklik-kinderlik mag lewe!**

Die Judas brief-preek! Die broer van ons Here Jesus wat aan die woord is. Belangrike dinge word gesê. Verswoorde met evangelietaal gelaai. Vers 8 en 9 bevat nogeens detail oor dwaalleraars. Hulle dinge. Hulle maniere van doen. Hulle totaal en al verdwaal wees. Hulle droomgesigte en niks wil weet van die lewende Here se gesag nie. Hulle droomgesigte wat hulle gedrag sodanig beïnvloed dat hulle dagdromers was ... baie ver van die konkrete waarheid van die Here se suiwer leer en verkondiging wat sorg dat 'n mens nie hoef te dink dat jou eie drogdrome die waarheid is en nagevolg hoef te word nie.

En die droomgesigte van die dwaalleraars ... Hulle het (en so is dit tot vandag nog) daaraan meer waarde geheg as aan die voorskrifte van God. Dit lei tot allerlei losbandighede. Lees maar gerus weer Judas:8. Maar meer as losbandigheid ... Ook arrogansie. Hulle dink niks daarvan om hemelwesens te beledig nie. Geen maat of perk nie. Totaal en al op 'n dwaalweg, hulle almal, soos wat dit tot vandag nog die geval is. Hulle woorde alleen. Die voorskrifte van die Here vergete. Gans en al verdwaal. In Judas se tyd en in die moderne dag en tyd.

En in Judas se brief, ook vers 9. Die andersmooi manier van doen van die aardsengel Migael. As Migael met die duivel in dispuut is oor die liggaam van Moses ('n verwysing na 'n buite-Bybelse boek), dan is Migael nie beledigend of meerderwaardig nie. Inteendeel, Migael berus in die heerskappy van God en sê vir die duivel: "Die Here sal jou straf."

Dwaalleraars is tot vreeslike dwalinge instaat, sê Judas. En Judas wat elke leser wil bind aan Hom wat nimmer dwaal nie. Judas:8 en 9 bring mens jubelend daartoe om te sê:

Hy is die God op wie ons staat kan maak,  
die Heer se daad is volmaak,  
sy Woord is suiwer en dis waar.

Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar ...

Stewig-sterk op koers deur Hom wat nooit dwaal of verdwaal nie. Here, hou my hart en hande om Christus wil vas, sodat ek van die spoor nie dwaal nie.

*Sing: Psalm 33-1:11*

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*